

Omgeepapier 16 - 22 April 2023

Joh 20:11-18 – Maria Magdalena sien Opgestane Jesus

Petrus en Johannes sien die leë graf maar verstaan nie dat Jesus sóú opstaan nie, opgestaan hét nie! Jesus verskyn aan Maria, maar sy herken Hom nie!

1. Lees Joh 20:16 - 17: Jesus praat **hard** met elkeen van ons! Want ons wil hom nog steeds vashou, vir onself hê. Elkeen van ons hoor nie wat Hy van ons verwag as wedergebore mense nie!

Vraag: Lúíster (Maak óóp jou hart se ore!) - Wat verwag Jesus, die Here van jóú, daar waar jy lewe?

(As jy bang is vir die implikasies – onthou Jesus hét opgevaar na Sy Vader (Hy HEERS aan die Regterhand); onthou God is ook jóú Vader in die hemel; onthou die gordyn in die tempel hét middeldeer geskeur; onthou die Heilige Gees sál jou lei met wysheid en krag; onthou Jesus ís Immanuel, God by jou)

2. **Gebedsversoeke:** Waarvoor / Vir wie kan ons saam met jou bid?
Waarvoor wil jy dankie sê?
3. **Vát wat die Here Jesus vir jou sê in Num 6:23-27 (dit geld nog steeds)**
Mag die Here my seën en beskerm.
Mag die Here Sy aangesig oor my laat skyn, en my genadig wees.
Mag die Here Sy aangesig na my toe ophang (my gebede verhoor) en aan my vrede gee.
So moet ek die Here se Naam op myself neem, dan sal Die Here Self my seën.